



Ons het God Nodig

Hierdie boek gaan oor God. Dit gaan ook oor mense, en oor alles wat ons rondom ons sien.

Maar die heel meeste gaan dit oor God, omdat God baie belangrik is. Ons moet Hom ken, want ons het Hom nodig.

Het jy al ooit 'n baba gesien wat sy handjies na sy mamma uitsteek? 'n Baba het sy mamma nodig. Hy soek sy mamma se liefde en sorg. So gaan ons harte ook uit na God. Ons wil graag hê dat Hy ons liefhet. Ons het Hom nodig om vir ons te sorg.

Het jy al ooit opgekyk na die lug en gesien hoe groot dit is? Die wêreld rondom ons is ook baie groot, en die mense is klein. Selfs die grootmense is klein. Grootmense en kinders, ons almal het God nodig.

Ons het almal God nodig, maar ons kan God nie sien nie. Ons kan kyk en kyk, en oral gaan soek, maar ons kan Hom nie sien nie.

As sommige mense in die oggend die son sien opkom, dink hulle die son is God. Hulle sien die son gaan al hoe hoër in die lug op. Die son gee lig en die son maak warm. Die son help alles wat groen is, groei. En daardie mense sê: Die son is ons god. En hulle aanbid die son.

Maar die son is nie 'n god nie. Hy kan hulle nie hoor as hulle bid nie. Sommige mense dink die sterre is hulle god. Die sterre blink so mooi daar bo in die lug as dit donker is. Daardie mense aanbid die sterre. Maar die sterre kan hulle nie hoor as hulle bid nie. Die sterre kan hulle ook nie help as hulle iets nodig het nie.

Baie lank gelede het mense gode gemaak. Hulle het afgode van hout of klip of goud of silwer gemaak. Hulle het daardie afgode aanbid. Maar daardie afgode kon hulle nie hoor en hulle ook nie help nie. Selfs vandag is daar mense in verre lande wat afgode aanbid. Hulle het nog nooit van die ware God gehoor nie.

Sommige mense sê: Daar is *nie* 'n God nie. Hulle bid glad nie. Maar diep in hulle harte is daar 'n stem wat sê, "Ja, daar is 'n God."

As ons God dan nie kan sien nie, hoe kan ons Hom dan ken? Hy is so vreeslik belangrik. Ons het Hom nodig. En daarom wil ons Hom ken!

Hierdie boek sal ons help om God beter te leer ken. Ons sal leer hoe groot en hoe wonderlik Hy is. Ons sal leer hoe Hy vir ons sorg. En ons sal leer hoe om Hom lief te hê en naby Hom te lewe, al kan ons Hom nie sien nie.

Gesels hieroor:

1. Hoekom kan die son of die sterre nie ons god wees nie?
2. Hoekom het ons God nodig?

Die Bybel sê:

"Nader tot God, en Hy sal tot julle nader."

(Jakobus 4:8)

Wat ons kan lees:

Psalm 105:1-4

Wat ons oor God kan sing:

Daar's vissies in die water, kyk hoe swem hul rond;
Daar's voëltjies in die lug en daar's diere op die grond;
Daar's blomme in die velde, daar's riete in die vlei.
Wie sou dit als gemaak het? Die Here, ja, dis Hy!

Die Here maak die sonskyn en Hy maak die nag;
Die Here maak die donker en ook die nuwe dag;
Die Here maak die berge, die see en oseaan.
Ja, GOD het alles goed gemaak – Hoe heerlik is Sy Naam!

Gebed:

God in die hemel, ons is bly dat ons tot U mag bid. Ons vra U om ons te seën as ons hierdie boek saam gaan lees. Ons wil meer en meer van U leer, sodat ons U altyd sal liefhê. Amen.

Marian Schoolland

© 2018
www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*